

Vir “ewige geslagte”



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Génesis 3:6; Génesis 6:5, 11; Génesis 6:18; Génesis 9:12–17; Jesaja 4:3, Openbaring 12:17.

Geheeteks:

“Maar Noag het genade gevind in die oë van die HERE” (*Génesis 6:8*).

Bakterieë is plantorganismes wat net onder ‘n mikroskoop waargeneem kan word. ‘n Enkele, ronde bakterie, is kleiner as ‘n potloodmerkie en dit nadat dit 1,000 keer vergroot is. Onder gunstig toestande — soos genoegsame hitte, vog en voedsel — vermeerder bakterieë uiters vinnig. Byvoorbeeld, sommige bakterieë vermeerder deur tweedeling: ‘n volwasse sel verdeel in twee dogterselle. Wanneer tweedeling elke uur plaasvind, kan een bakterie meer as 18,000,000 nuwe bakterieë binne 24 uur vorm. Na 48 uur het daar meer as honderdbiljoen bakterieë gevorm. Hierdie mikroskopiese buitengewone verskynsel in die biologiese wêreld kan as ‘n illustrasie van die eksponensiële toename van sonde na die sondeval gesien word. Met die gawe van ‘n reuse intellek, blakende gesondheid en langslewendheid, het hierdie lewenskragtige ras God verwerp en hulle sonderlinge mag misbruik om ongeregtheid in alle vorme na te jaag. Alhoewel bakterieë deur sonlig, chemikalieë of hoë temperature uitgewis kan word, het God verkies om hierdie toenemende opstand deur ‘n universele Vloed uit te roei.

Hierdie week met die eerste oogopslag: Wat het die sonde aan God se skepping gedoen? Watter karaktertrekke het Noag geopenbaar? Watter beginsels was by die verbond met Noag betrokke? Op watter maniere word God se genade in sy verbond met Noag voor die Vloed geopenbaar? Wat leer die verbond wat God met die mens na die Vloed gemaak het ons oor sy allesomvattende liefde vir ons?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 17 April.*

Grondbeginsel van die sonde (*Génesis 6:5*)

Die Goddelike waarneming aan die einde van God se skepping was dat alles “baie goed” was (*Génesis 1:31*). Maar toe het sonde plaasgevind, en die klem het verskuif. Dinge was nie meer “baie goed” nie. God se ordelike skepping was deur die sonde se haatlike gevolge geskend. Gedurende Noag se leeftyd het die boosheid skrikwekkende hoogtes bereik en die mens laat agteruitgaan. Alhoewel die Bybel nie baie daarop uitbrei nie (lees Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, bl. 90–92 vir meer inligting), was die oortredinge en opstand so duidelik te sien dat selfs ‘n liefdevolle, geduldige en vergewensgesinde God dit nie meer kon verdra het nie. Hoe kon dinge so erg in so ‘n kort tydjie geword het? Die antwoord daarop is dalk maklik. Hoeveel mense vandag, deur na hulle eie sondes te kyk, het nie dieselfde vraag gevra: Hoe het dinge so erg in so ‘n kort tydjie geword?

Slaan die teksverse hieronder na. Skryf neer wat daar beweer word. Let op na die geleidelike vordering van sonde:

1. Gen. 3:6 _____

2. Gen. 3:11–13 _____

3. Gen. 4:5 _____

4. Gen. 4:8 _____

5. Gen. 4:19 _____

6. Gen. 4:23 _____

7. Gen. 6:2 _____

8. Gen. 6:5, 11 _____

Genesis 6:5 en 11 noem ‘n toestand wat nie vry was van buite-invloede nie. Dit het ‘n geskiedenis gehad. Hierdie verskriklike gevolge het ‘n oorsaak gehad. Sonde het geleidelike erger geword. Dit is die neiging van sonde. Dit is nie soos ‘n snywond of ‘n ander tipe wond wat ‘n outomatiese ingeboude proses het wat genesing tot gevolg het nie. Intendeel, sonde wat net gelos word, vermenigvuldig, en is nooit tevrede totdat dit in vernietiging en die dood eindig nie. ‘n Mens het nie nodig om jou die lewe voor die Vloed voor te stel om daardie beginsel in werking te sien nie. Dit bestaan selfs nou oral om ons. Geen wonder dat God sonde haat nie; geen wonder dat sonde uiteindelik uitgewis sal word nie. ‘n Regverdig, liefdevolle God kan nie anders as om dit te doen nie. Die goeie nuus is natuurlik dat al wil Hy van sonde ontslae raak, Hy die sondaars wil red. Dit is waaroor die verbond gaan.

Noag (*Génesis 6:9*)

Te midde van al die teksverse oor die boosheid van die mense van die antediluviaanse (voor die Vloed) wêreld, vorm Noag ‘n kontras met die mense rondom hom. Lees die vers hierbo en let op na die drie spesifieke eienskappe waarna die Bybel oor hom verwys. Skryf, so goed as wat jy kan, neer wat jy dink wat hierdie eienskappe beteken:

1. Hy was “‘n regverdige man”

2. Hy was “opreg”

3. Hy “het met God gewandel”

Daar is geen twyfel dat Noag iemand was wat met die Here ‘n reddende verhouding gehad het nie. Hy was iemand saam met wie God kon werk, iemand wat na Hom sou luister, Hom sou gehoorsaam, en op Hom sou vertrou. Dit is hoekom die Here in staat was om Noag te gebruik om sy doelstellings te bereik, en hoekom Petrus in die Nuwe Testament hom ‘n “prediker van geregtigheid” kon genoem het (*II Petrus 2:5*).

Lees Génesis 6:8. Hoe help hierdie vers ons om die verhouding tussen Noag en die Here te verstaan?

Die woord genade word hier vir die eerste keer in die Skrif genoem en het duidelik dieselfde betekenis as die Nuwe Testament se verwysings daarna, waar die barmhartige, onverdiende guns van God aan sondaars wat dit nie verdien nie, beskryf word. Daarom moet ons verstaan dat hoe ook al Noag “skuldeloos,” en “regverdig” was, hy nogtans ‘n sondaar was wat die onverdiende genade van sy God nodig gehad het. In hierdie sin is Noag geensins verskillend van enigeen van ons wat ernstig daarna streef om die Here te volg nie.

Met begrip van Noag se behoefte aan God se genade net soos die res van ons, dink na oor jou eie lewe en vra jouself hierdie vraag, kan van my gesê word dat ek, soos Noag, “regverdig” en “opreg” is, en dat ek “met God wandel”? Skryf jou redes neer vir watter antwoord jy ook al gee, en (indien jy gemaklik daarmee voel) deel dit met die klas op Sabbat.

Die Verbond met Noag

“Maar met jou sal Ek my verbond oprig, jy moet in die ark gaan, jy en jou seuns en jou vrou en die vroue van jou seuns saam met jou” (Génesis 6:18).

In hierdie vers vind ons die grondbeginsels van die bybelse verbond wat God met die mensdom maak: God en die mensdom sluit ‘n ooreenkoms. Dis net so eenvoudig. Daar is egter meer hierby betrokke as wat aanvanklik raakgesien word. Eerstens is daar die beginsel van gehoorsaamheid van die mens se kant af. God sê aan Noag dat hy en sy gesin in die ark moet gaan. Hulle moet hulle kant bring, en as hulle dit nie doen nie, word die verbond verbreek. As die verbond verbreek word, is hulle die uiteindelijke verloorders, want hulle is eintlik die begunstigdes van die verbond. Per slot van rekening, indien Noag vir God Nee gesê het en nie die aanbod wou aanvaar nie, of Ja gesê het, maar toe anders besluit het, wat sou die gevolge vir hom en sy gesin gewees het?

God sê dat dit “my verbond” is. Wat sê dit oor die grondliggende aard van die verbond? Watter verskil sou dit aan ons begrip van die verbond gemaak het as die Here dit “ons verbond” genoem het?

Hoe uniek hierdie spesifieke situasie ook al mag wees, ons sien hier die grondliggende Godmens intensiteit wat in die verbond gevind word. Deur “my verbond” met Noag tot stand te bring, vertoon God hier weereens sy genade. Hy toon dat Hy gewillig is om die inisiatief te neem om die mens van die gevolge van hulle sondes te red. Kortom, hierdie verbond moet nie as een of ander eenwording van gelykes gesien word waar elke “deelgenoot” in die verbond van die ander een afhanklik is nie. Ons kan sê dat God “voordeel trek” uit die verbond, maar net in ‘n radikale verskillende sin van wat die mens daaruit kry. Hy word bevoordeel deurdat diegene wat Hom liefhet die ewige lewe sal ontvang — wat baie kosbaar vir die Here sal wees (*Jesaja 53:11*). Maar dit is nie te sê dat Hy op dieselfde wyse as ons wat aan die ontvangkant van dieselfde verbond is, bevoordeel word nie. Dink na oor hierdie analogie: gedurende ‘n storm val ‘n man oorboord. Iemand op die dek sê dat hy ‘n lewenstou vir die man sal gooi om hom nader te trek. Die persoon in die water moet egter sy kant van die “ooreenkoms” aanvaar, en dit is om die tou te gryp wat aan hom voorsien word, en daaraan vas te hou. Dit, in baie opsigte, is waaroor die verbond tussen God en die mens gaan.

Hoe help hierdie vergelyking jou om die konsep van die genade waaruit die verbond bestaan, te verstaan? Hoe help dit jou om te verstaan waarop jou verhouding met God selfs nou gegrond moet wees?

Die reënboog as teken

“En God het gesê: ‘Dit is die teken van die verbond wat Ek sluit tussen My en julle en al die lewende wesens wat by julle is, vir ewige geslagte: my boog gee Ek in die wolke; dit sal ‘n teken wees van die verbond tussen My en die aarde.’” (*Génesis 9:12, 13*). Min natuurverskynsels is mooier as die reënboog. Wie kan nie onthou hoe jy as kind die eerste keer met bekoring en verwondering na daardie halvesirkelvormige gekleurde strepe wat soos bande in die lug lyk, gekyk het, en wat soos ‘n aanloklike geheimsinnige poort na die hemel gelyk het, (of miskien soos ‘n sirkusnar se lyfband)? Selfs ons as volwassenes se asem kan weggeslaan word deur die verskynsel van daardie onbeskryflike kleure in die wolke. Geen wonder dat die reënboog selfs vandag nog as ‘n simbool vir so baie dinge gebruik word nie: deur politieke organisasies, kultusgroepe, ruk-en-pluk orkeste en reisagentskappe (tik die woord “reënboog” in op die Webwerf en sien wat gebeur). Dis vanselfsprekend dat daardie pragtige kleurstroke nog steeds die snare van ons harte en ons verstande bekoor. Dit was natuurlike God se bedoeling dat dit so moes wees.

Wat sou die reënboog gesimboliseer het, het die Here gesê? Génesis 9:12–17.

Die Here het gesê dat Hy die reënboog sou gebruik as ‘n teken van “my verbond” (*Génesis 9:15*). Dis so interessant dat Hy die woord “verbond” hier gebruik, want, in hierdie geval, verskil hierdie verbond van hoe dit elders gebruik word. In teenstelling met die verbond met Abraham of die Sinai-verbond, word daar geen spesifieke verpligting uitgespreek op diegene wat baat sou vind by hierdie verbond nie (selfs ook nie Noag nie). God se woorde hier is vir alle mense, vir “al die lewende wesens, in alle vlees” (*Génesis 9:15*), vir “ewige geslagte” (*Génesis 9:12*). God se woorde is hier universeel, allesomvattend, sonder dat enigeen kies om die Here òf te gehoorsaam, òf nie. In hierdie sin word die konsep van die “verbond” nie gebruik soos dit elders in die Bybel gebruik word wanneer daar oor die verhouding tussen God en die mense gepraat word nie.

Op watter manier openbaar hierdie verbond ook God se genade? Wie het hierdie verbond begin? Wie is die uiteindelijke weldoener?

Alhoewel hierdie verbond, soos dit hier beskryf word, nie spesifieke verpligtinge van ons kant af vereis nie (God se aandeel is om nooit weer die wêreld met ‘n vloed te vernietig nie), hoe kan ons kennis van wat die reënboog simboliseer, ons beïnvloed om in gehoorsaamheid aan die Here te leef? Kortom, voel ons of ons verpligtinge van ons kant het wanneer ons in die lug opkyk en die reënboog sien? Dink na oor die hele konteks waarin die reënboog gegee was, en die lesse wat ons daaruit kan leer.

“Net Noag het oorgebly”

“So is dan al die lewende wesens verdelg wat op die aarde was, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel, hulle is verdelg van die aarde af. En net Noag het oorgebly en wat by hom in die ark was.” (*Génesis 7:23*).

In hierdie vers word die konsep van ‘n “oorblyfsel” die eerste keer in die Skrif genoem. Die woord “oorgebly” stam van ‘n ander woord af waarvan die oorspronklike vorm baie keer in die Ou Testament gebruik word om die gedagte van ‘n “oorblyfsel” oor te dra.

“Maar God het my voor julle uit gestuur om vir julle ‘n oorblyfsel op die aarde te verseker en om julle in die lewe te hou tot ‘n groot verlossing’” (*Génesis 45:7 eie beklemtoning*).

“En wie in Sion oorgebly het en gespaar is in Jerusalem, dié sal heilig genoem word, elkeen wat onder die lewendes opgeskrywe is in Jerusalem” (*Jesaja 4:3, eie beklemtoning*).

“En in dié dag sal die Here weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop ...” (*Jesaja 11:11, eie beklemtoning*).

In al hierdie gevalle is die skuinsgedrukte woorde aan die woord “oorgebly” (*soos in Génesis 7:23*) gekoppel.

Lees Génesis 7:23 en ook die ander voorbeelde. Hoe verstaan jy die konsep van ‘n oorblyfsel hier? Wat is die omstandighede wat daartoe gelei het? Hoe pas die verbond by die oorblyfselgedagte in?

Tydens die Vloed het die Skepper van die wêreld die Regter van die wêreld geword. Die naderende wêreldwye vonnis het die vraag laat ontstaan of alle lewe op die aarde – selfs die mens – uitgedelg sou word. Indien nie, wie sou die oorlewendes wees? Wie sou die oorblyfsel wees? In hierdie geval was dit Noag en sy gesin. Maar Noag se redding was aan God se verbond met hom, gekoppel (*Génesis 6:18*) — ‘n verbond wat deur ‘n barmhartige en genadige God begin en uitgevoer was. Hoe belangrik hulle samewerking ook al was, hulle het oorleef alleenlik deur wat God vir hulle gedoen het. Wat Noag se verpligtinge ook al was, en hoe getrou hy dit ook al uitgevoer het, sy enigste hoop was God se genade.

Gebaseer op ons begrip van eindtydgebeure wanneer God ‘n oorblyfselvolk sal hê (*lees Openbaring 12:17*), watter vergelykings uit die verhaal van Noag kan ons help om voor te berei om deel van die oorblyfselvolk te wees? Op watter maniere beïnvloed ons daaglikse besluite of ons uiteindelik deel daarvan gaan wees wanneer die tyd aanbreek?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “Die Sondvloed,” bl. 90–104 en “Na die Sondvloed,” bl. 105–110, in *Patriarge en Profete*. “Die reënboog, ‘n fisiese natuurverskynsel, was ‘n paslike Godgegewe simbool om nooit weer die aarde deur ‘n vloed uit te wis nie. Aangesien die klimaattoestande van die aarde na die Vloed heeltemal verskillend sou wees, en reën in die meeste wêrelddele die vorige mis wat die aarde bevochtig het, sou vervang, was iets nodig om die mens se vrees wanneer dit sou reën, weg te neem. Die mens se geestesoog sien God se openbarings oor Homself in die natuurverskynsels (*lees Romeine 1:20*). Dus is die reënboog aan die gelowige ‘n bewys dat die reën seëninge sal voortbring, en nie wêreldwye uitwissing nie.” — *The SDA Bible Commentary*, vol. 1, bl. 265, (vry vertaal).

Vrae vir bespreking:

1. “In daardie dae het die aarde met lewende wesens gekrioeel, mense het vermeerder, die wêreld het soos ‘n wilde bul gebulk, en die groot god was wakker gemaak deur die lawaai. Enlil het die lawaai gehoor en toe aan die gode in raadsvergadering gesê, ‘Die geraas wat die mens maak, is ondraagbaar en dis onmoontlik om te slaap as gevolg van die lawaai’. En toe het die gode ooreengekom om die mens uit te wis.” — “The Story of the Flood” in *The Epic of Gilgamesh*, trans. N. K. Sanders (London: The Penguin Group, 1972), bl. 108, (vry vertaal). Vergelyk hierdie rede vir die Vloed met die Bybel s’n.
2. Noag het sy huidige generasie meer as net van die komende oordeel gewaarsku. Die doel van sy waarskuwing was om die mense te laat besef dat hulle verlossing benodig. Hoekom is die verlossingswaarhede oor die algemeen so ongewild? Maak ‘n lys van sommige van die dinge wat baie mense verhinder om God se verlossingsplan te aanvaar, en bespreek dit. Lees **Johannes 3:19; Johannes 7:47, 48; Johannes 12:42, 43; Jakobus 4:4**.

Opsomming: In hierdie week se studie het ons agtergekom dat die verbonde wat God met Noag gesluit het, die eerstes was wat op ‘n duidelike wyse in die Bybel genoem word. Dit toon sy goedgeunstige belangstelling in die mensdom en sy begeerte om ‘n reddende verhouding met hulle aan te knoop. God het sy verbond met Noag herbevestig, en dit was Noag se toegewydheid aan God wat hom teen die heersende afvalligheid beskerm het, en uiteindelik hom en sy gesin van die vernietigende oordeel van die Vloed gered het. “Hierdie simbool [die reënboog] in die wolke se doel is om almal se geloof vas te maak, en om hulle vertroue in God te bevestig, want dit is ‘n bewys van goddelike genade en goedheid teenoor die mens; dat alhoewel God uitgetart was om die aarde deur ‘n Vloed uit te wis, sy genade tog die aarde ingesluit het.” — Ellen G. White, *The Story of Redemption*, bl. 71, (vry vertaal).